**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. A468/2003

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **<u>TIGER VUYANE LIWANI</u>** | Appellant |
| en | |
| **<u>DIE STAAT</u>** | Respondent |

---

**<u>CORAM:</u>** **MALHERBE R.P.** ***et*** **VAN COPPENHAGEN R.**

---

**<u>AANGEHOOR OP:</u>** **24 MEI 2004**

---

**<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** **MALHERBE R.P.**

---

**<u>GELEWER OP:</u>** **27 MEI 2004**

---

Appellant is 31 jaar oud. Ten tyde van die voorval waaroor hierdie saak handel, was hy verbonde aan die Suid-Afrikaanse Weermag en gestasioneer te Tempe Weermagbasis, Bloemfontein. Hy het in die plaaslike Streekhof tereggestaan op twee aanklagte ingevolge die Wet op Vuurwapens en Ammunisie (Wet Nr.75 van 1969). Aanklag 1 beweer 'n oortreding van artikel 2, te wete die besit van 'n 9mm semi-outomatiese pistool sonder 'n lisensie wat daardie besit magtig. In aanklag 2 word 'n

oortreding van artikel 36 ten laste gelê deurdat hy op dieselfde datum en plek 7 x 9mm rondtes ammunsie in sy besit gehad het sonder die magtiging van 'n lisensie. Hy is deur 'n prokureur verteenwoordig en het onskuldig gepleit op beide aanklagte. Hy is skuldig bevind op beide aanklagte en soos volg gevonnis:

Aanklag 1: 2 jaar gevangenisstraf.

Aanklag 2: 6 maande gevangenisstraf.

Hy kom nou in hoër beroep teen beide die skuldigbevinding en vonnis.

Dit is gemeensaak dat appellant op die betrokke dag deur die Polisie in besit gevind is van die pistool en ammunisie wat in die klagstaat genoem word en dat hy nie ingevolge die toepaslike Wet gelisensieer is om dit te besit nie. Namens hom het Me. Wright dan ook tereg reeds in haar hoofpunte van betoog toegegee dat die skuldigbevinding in orde is. Die appèl teen die skuldigbevinding kan derhalwe nie slaag nie.

Die Verhoorhof was onder die indruk dat die Strafregwysigingswet (Wet Nr.105 van 1997) van toepassing was op hierdie geval, soos blyk uit die volgende aanhaling uit die uitspraak:

> "Die hof het ingevolge wet 105 van 1997, geen ander keuse as om u tot gevangenisstraf te vonnis nie. Die hof kan afwyk van die voorgeskrewe minimum vonnis van vyftien jaar gevangenisstraf indien

> die hof bevind dat daar dwingende en wesenlike omstandighede bestaan wat 'n mindere vonnis regverdig.
>
> Daar is geen besondere dwingende en wesenlike omstandighede aan die hof voorgehou nie. Die hof is egter van mening dat die aard van die misdryf sodanig is dat vyftien jaar gevangenisstraf onbillik en onregverdig teenoor u sal wees.
>
> In die lig van wat gesê is in *S v Shongwe* 1999 2 SASV 220 (O) kan die hof dit op sigself as 'n dwingende en wesenlike omstandigheid aanmerk. Die hof is egter steeds van mening dat gevangenisstraf die enigste gepaste vonnis vir u is."

Die Strafregwysigingswet (*supra*) is nie van toepassing op die onderhawige geval nie. (**NDLOVU v DIE STAAT**, ongerapporteerde uitspraak in hierdie Afdeling, gedateer 29 April 2004). Die **NDLOVU**-uitspraak volg die uitspraak in **S v KHONYE 2002 (2) SASV 621 (T)** wat onlangs bekragtig is in **S v MOOLEELE 2003 (2) SASV 255 (T)**. Ter versagting van die Verhoorlanddros moet daarop gewys word dat sy appellant op 13 November 2002 gevonnis het en dat die **KHONYE**-beslissing (*supra*) in alle waarskynlikheid toe nog nie gepubliseer was nie omdat dit in die Desember 2002 uitgawe van die Strafregverslae verskyn

het. Hoe dit ookal sy, 15 jaar gevangenisstraf was nie die voorgeskrewe minimum vonnis vir ‘n eerste oortreder op aanklag 1 nie maar wel ‘n maksimum van R12 000,00 boete of 3 jaar gevangenisstraf of beide ingevolge artikel 39(2)(b) van die Wet. Benewens hierdie oorweging bevat die klagstaat geen verwysing hoegenaamd na die Strafregwysigingswet nie. Sien in hierdie verband ‘n ander **NDLOVU**-uitspraak, nl. **S v NDLOVU 2003 (1) SASV 331 (HHA)**, paragrawe **[8] – [13]** waar dit beklemtoon word hoe belangrik dit is om ‘n beskuldigde betyds en behoorlik in te lig dat daar staat gemaak gaan word op die voorgeskrewe minimum vonnisse van die Strafregwysigingswet.

Die Verhoorlanddros het appellant tereg as ‘n eerste oortreder beskou omdat sy enigste vorige veroordeling weens diefstal reeds 12 jaar oud was. Sy het ook as redelik moontlik aanvaar dat appellant in besit van die pistool en ammunisie was as pand vir ‘n lening van R100,00 wat hy vroeër daardie dag aan ‘n kollega gemaak het terwyl beide onder die invloed van drank was. Volgens appellant se getuienis het hy die pistool vroeg die betrokke Saterdagoggend van die eienaar ontvang en sou hy dit hou tot die eersvolgende Maandag wanneer die eienaar geld sou leen om die R100,00 terug te betaal. Hy is deur die Polisie gearresteer nie lank

nadat hy besit van die vuurwapen geneem het nie.

Nadat sy appellant se weergawe omtrent die pistool as pand in sy guns aanvaar het, sê die Landdros die volgende:

> "Die hof het egter 'n plig om toe te sien dat die gemeenskap se reg op veiligheid beskerm word. Beskonke persone in besit van onwettige vuurwapens is nie bevorderlik vir die gemeenskap se veiligheid nie."

Ek stem hiermee volkome saam.

In die **<u>NDLOVU</u>**-uitspraak (*supra*) het die Hoogste Hof van Appèl vir presies soorgelyke oortredings as in die onderhawige appèl 'n vonnis van 3 jaar gevangenisstraf opgelê vir die onwettige besit van 'n 9mm pistool en 1 jaar gevangenisstraf vir die onwettige besit van 8 rondtes ammunisie. Die Hof het ook gelas dat die vonnisse saamloop. In die lig van daardie vonnisse kan nie gesê word dat die totale vonnis van 2½ jaar gevangenisstraf onvanpas swaar is nie. Die Landdros sê tereg die volgende in haar uitspraak:

> "U is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en vertroud met vuurwapens. U was, op u eie weergawe, maar te deeglik bewus daarvan dat u nie in besit mag wees van 'n vuurwapen as u nie 'n lisensie daarvoor het nie."

Gevolglik word die appèl afgewys en word beide die skuldigbevinding en vonnis bekragtig.

**J.P. MALHERBE R.P.**

**EK STEM SAAM**

**G. VAN COPPENHAGEN R**

| | |
|---|---|
| **<u>Namens Appellant:</u>** | Adv. G. Wright<br>i.o.v.<br>Regshulpraad<br>Bloemfontein |
| **<u>Namens Respondent:</u>** | Adv. N.J. Keulder<br>i.o.v.<br>Direkteur: Openbare Vervolgings<br>Bloemfontein |

/scd